

Die “Woord” van God!
Leef elke dag saam met Jesus!

Joh 14:21 Wie my gebooie het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet; en wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.



Ek sal stil staan by die kruis!!

Rev 12:11 En hulle het hom oorwin deur die **bloed van die Lam** en deur die **woord van hulle getuienis**, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie.



Wat wil Jesus he moet ek en jy vandag hoor!!



- Keer terug na jou eerste liefde. "Jesus ken ons , Hy weet of jy Hom eerste stel of nie"
- Wees getrou tot die dood. "Jesus sal jou die kroon van die lewe gee as jy getrou is"
- Weier Kompromie. "Kry die struikelblokke uit jou pad en moenie toegee aan die wereld nie, jy kan nie vir Jesus en die wereld leef nie"
- Bekeer julle van onsedelikheid. "Moenie ander gode dien nie"
- Word wakker en lewe. "Hoe lyk jou werke voor God"
- Hou vas aan dit wat julle het. "Sodat julle kan vas staan in beproewinge"
- Maak die deur oop, laat Jesus julle passie weer aanwakker. "Moenie lou wees nie sodat Jesus jou nie uitspoeg nie"




Jesus het opgestaan!

Joh 20 – 21



Jesus appears to the disciples by Willem Hol



Jesus die brood van die lewe vir die gelowiges – Joh 6:47-59



- Joh 6:55 Want my vlees is waarlik spys, en my bloed is waarlik drank.
- Joh 6:56 **Wie my vlees eet en my bloed drink, bly in My en Ek in hom.**
- Joh 6:57 Soos die lewende Vader My gestuur het, en Ek deur die Vader lewe, so sal hy wat My eet, ook deur My lewe.
- Joh 6:58 Dít is die brood wat uit die hemel neergedaal het—nie soos julle vaders die manna geëet en gesterwe het nie; wie hierdie brood eet, sal tot in ewigheid lewe.
- Joh 6:59 Hierdie dinge het Hy gesê in die sinagoge toe Hy in Kapérnaüm onderrig gegee het.



Nagmaal

Die Nagmaal is deur Jesus self ingestel – Mat 26:26-28

- Mat 26:26 En terwyl hulle eet, neem Jesus **die brood**, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan sy dissipels en sê: **Neem, eet, dit is my liggaam.**
- Mat 26:27 Toe neem Hy die **beker**, en nadat Hy gedank het, gee Hy dit aan hulle en sê: **Drink almal daaruit.**
- Mat 26:28 **Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes.**

